5I(1968)

YANG 24

WERKSCHRIFT VOOR LITERATUUR

# kritiek en de common reader

DEPA.L30.NL.J.182

# Bij dit nummer :

*Het Leitmotiv van dit nummer is de vraag of er al dan niet een onderscheid dient gemaakt tussen tijdschriftkritiek en dagbladkritiek. Wordt de kritiek bepaald door het werk zelf of door de publikatie waarin deze verschijnt? Wie bereikt men, of denkt men te bereiken met de tijdschriften, wie met de dagbladen?*
*Om op deze vraag te antwoorden hebben we ons gericht tot de praktijk, tot de mensen van het vak, zowel van het Noorden als van het Zuiden (hun geloofsbrieven vindt U aan het einde van iedere bijdrage).*
*Om geen al te divergerend geheel te verkrijgen is aan acht critici de vrij genuanceerde stellingname van Tom Schalken toegestuurd met het verzoek deze te toetsen aan hun eigen bevindingen en opvattingen. Het resultaat is allesbehalve eenstemmig, zoals U zult bemerken. We stellen dan ook de kolommen van ons volgend nummer open voor verdere op- of aanmerkingen.*

*Ook in dit nummer weer een redaktiewijziging, bij jongerentijdschriften zeer gebruikelijk. R. Hooyberghs en J. Vangansbeke trokken zich terug als de beste vrienden. Van hen die tot de werkgroep toetreden kent U Fernand Auwera reeds. Tom Schalken zal vooral de kritiek en het essay verzorgen. Hedwig Speliers is de garantie dat YANG niet zal meegezogen worden in de traditionele trend der jongerentijdschriften.*

*De ouderdom op zichzelf is geen verdienste. Zelf de eigen verdiensten aanwijzen betaamt niet. Het eerste nummer van YANG verscheen in mei 1963, en met dit nummer gaat de vijfde jaargang in. Dit alleen bij wijze van inlichting.*

*H. G.*



INHOUD


| | | |
|---|---|---|
| **tom schalken** | 4 | kritiek en de „common reader„ |
| **c. j. e. dinaux** | 8 | spontane reactie |
| **rené gysen** | 10 | critiek als toegepaste fabel van lafontaine |
| **adriaan van der veen** | 14 | maar gedeeltelijk waar |
| **willem m. roggeman** | 15 | boekrecensies zijn verbruiksartikelen |
| **pierre h. dubois** | 17 | een kwestie van niveau |
| **bernard kemp** | 18 | ik ben tegen het gezag van de kritikus |
| **j. j. oversteegen** | 19 | grondige behandeling en samenvatting |
| **piet van aken** | 20 | armslag of toonhoogte? |
| **breyten breytenbach** | 22 | klein dialektiek |
| | 23 | bid vir hanoi |
| **clem schouwenaars** | 24 | brasilia |
| **roger van de velde** | 25 | naakt |
| **harry mesterom** | 27 | najaar landschap |
| **willy spillebeen** | 28 | achter gordijnen uitgestreken |
| **patricia lasoen** | 29 | experiment met onderkoeld water<br>2 dagen in november |
| **eddy van vliet** | 30 | te deum |
| **marc braet** | 37 | voor yvette met alle dromen mee |
| **dirk christiaens** | 38 | het oordeel |
| **van yang** | | **uit gezien** |
| **tom schalken** | 39 | literatuur met een uitroepteken (proza van willy spillebeen en frans van isacker) |
| **willy spillebeen** | 40 | l.s. |
| **pierre daix** | 41 | aan de kunstredactie van het laatste nieuws |
| **tom schalken** | 41 | is mystificatie een literaire kwestie? |
| **red.** | 43 | reina prinsen geerligs prijs 1968<br>belgisch staatsblad: vreemde ontuchtige publikaties |
| | 44 | yang kahiers |

## Breyten Breytenbach

### KLEIN DIALEKTIEK

in later jare
as ons gevioolde karkasse aan galglote swaai
so pap so blink
soos nou ons reënjasse aan kapstokke
met moue vol kadanse

in later jare
as ons kadawers gekalk word in slote
en ons bevryde oë klein kolmolle
deur kolloïede en kluite graaf

as ons nog net die rimpeling is
van 'n klop wat in die spieël geplons het
as die aarde weer plat en ligbron word
en gesuiwer van ons drome
van ons liefdes
van opstokings   rewolusies

sal die aasvoëls en die snydokters
met hulle kiemvrye snawels
die blaaie van ons reste liasseer
ons derms ontsyfer
die uitwerpsel van ons harte besweer

: ons sê tog jammer dat hulle die visse van ons riviere
tot bloed wou vuis
dat hulle die onderlyf verkies het bo die maan
met witgepleisterde moue

: ons sê dat hulle wou slaap en eet
rook en drink en loop
en langs vroue gebed in gebed wou lê
om die loot en die water te smee
en die oog in die bome te hang

: ons sê hulle was nie opbouende digters nie
hulle wou ons rasegte ras afsny
maar in later jare
as ons
fluitdun snoeke
aan die aarde swaai
so slap so stink
soos nou ons woorde aan vleishake

sal ons nog soos son in julle ore sing
want ons dood sal 'n swart dood wees
'n swart loot wees
(waaroor ander viole kan kraai?)
soos 'n swart saad wat eers moet sterf wees
sodat almal later die swart vruggies mag lees
en van ons lyke kan leef soos van brood

want die finaalste dood is die kleurlose dood
van 'n wit blom wat nie kon kak nie





### BID VIR HANOI

julle wat nog gode oorhou
bid vir Hanoi
julle wat Sondae op julle knieë
    kruip in donker ruimtes
    om die lyke van blomme met nat asems
                                        swart te smeer
    (kyk God loer af deur glasoë)
bid vir hulle wat verstik aan bitter rook
vir hulle wat in donker hole
    wegkruip vir die singende blink engele
                                        van die dood
(engele dik gebuik met huil en vuurbomme)
(70,000 ton in die lente van Maart 1967)
bely die kinders wat soos bloederige biefstukke
die modder kom besoedel
bid vir die besmettes met hulle melaatsheid
bestry deur skroeiende magnesiumjellie
die pes-swangeres wat skarrelend
    haasgate grawe
                                weg van die genesende kartets
vir die gelowiges verseël
onder die puinhope van pagodas
vir die ongelowiges skreeuend
    geïnterneer in huisies vlees

julle wat nie gode het nie
                        maar ook
soos almal van ons
vreeskotsend die knie moet buig
voor die Groot Vrot
    die moormasjiene
                        van die Nuwe Wêreld Demokrasie
bid vir Hanoi
dat dit tog gou klaar moet kry

4/1967 DEPA NL. T. 182

# YANG

yang 22-23

WERKSCHRIFT VOOR LITERATUUR

YANG
F. Auwera
PRIJS

**Een generatie komt aflossen:**

# HET NIEUWSTE PROZA

# Bij dit nummer:

*In dit nummer is voor het eerst de konceptie uitgewerkt proza met kritiek en essay tot een organisch geheel te verwerken. Slechts weinig auteurs zijn terzelfdertijd criticus, nog minder critici terzelfdertijd auteur. De daaruit voortvloeiende scheiding van kreatief werk enerzijds, kritiek en essay anderzijds, heeft reeds dikwijls tot twist en misverstand aanleiding gegeven. Yang heeft in dit nummer de kloof willen overbruggen door de vier beste prozabijdragen van het ogenblik aan critici door te sturen, met de vraag of ze deze bijdragen wilden bespreken, daarbij rekening houdend met het recente werk van de auteur. Hierdoor kan de lezer zelf de tekst lezen, beoordelen, en zijn oordeel aan dat van anderen toetsen.*

*Aanvankelijk was nog een vrij uitvoerige selektie voorzien van de belangrijkste perskommentaar op iedere auteur. Onbenulligheid en gelijkluidendheid van veel kritieken hebben ons doen besluiten zelf een synthese te maken van de meest essentiële bevindingen van de persliteratuur, mede ook om geen nodeloos beslag op de tijd van de lezers te moeten leggen.*

*De kontakten met één van de belangrijkste Vlaamse critici, Paul de Wispelaere, zijn door de vakantiemaanden te zeer uit de hand gelopen om zijn inleidend essay „Het jongste Vlaamse proza" nog in dit nummer te kunnen afdrukken. Het zal derhalve verschijnen in YANG 24.*

*Sedert ruim twee jaar is het steeds één van de eerste doelstellingen van de werkgroep geweest, Yang en de literatuur zo modern mogelijk en zo goedkoop mogelijk te verspreiden. Literatuur „met een hoge kraag" (d.i. stijf en akademisch), zoals het in de werkgroep heette, diende vóór alles vermeden. In dit nummer zijn titels en hoofdingen in het bijzonder op de korrel genomen, en is ook door middel van kursieve bindtekst een poging ondernomen de verschillende bijdragen tot een geheel samen te smelten.*

*H.G.*





*INHOUD*


| | | |
|---|---|---|
| **fernand auwera** | 4 | een heerlijk dagje buiten |
| **piet van aken** | 12 | expliciet, impliciet? de (on)macht van het woord |
| **helmut gaus** | 14 | brief aan fernand auwera |
| **fernand auwera** | 16 | brief aan helmut gaus |
| **fernand auwera** | 19 | bio-bibliografie |
| **red.** | 20 | recensies |
| laureaat eerste **YANG PRIJS** | 20 | FERNAND AUWERA |
| **astère michel dhondt** | 21 | de wilde jacht |
| **tom schalken** | 28 | de witte dijen der jeugd |
| **astère michel dhondt** | 32 | bio-bibliografie |
| **red.** | 33 | recensies |
| **daniël robberechts** | 34 | woorden op de bodem |
| **laurent veydt** | 40 | brief aan daniël robberechts |
| **daniël robberechts** | 42 | bio-bibliografie |
| **red.** | 42 | recensies |
| **daniël van ryssel** | 43 | het vermoeden |
| **helmut gaus** | 56 | het vermoeden of de werkelijkheid |
| **daniël van ryssel** | 58 | bio-bibliografie |
| **red.** | 59 | recensies |
| **red.** | 60 | het jongste vlaamse proza : een bibliografische keuze (najaar '66 - najaar '67) |
| **van yang** | | **uit gezien** |
| **coenie rudolph** | 61 | „in gesprek met breytenbach" : die ander perspektief |
| **breyten breytenbach** | 62 | mooi doekies óm mooi broodjies |
| **georges van acker** | 65 | citaten en aforismen |
| **w.m. roggeman** | 65 | „de neger op de sofa" (brulin) |
| **julien vangansbeke** | 66 | „de troonopvolger" (van den broeck) |
| **daniël van ryssel** | 67 | „vogelvrij" (vinkenoog), „de SS-ers" (armando en sleutelaar), „homunculi" (krijgelmans) |
| **red.** | 69 | overzicht van de afgelopen jaargang |


Vakgroep NEDERLANDSE
Literatuur

„politieke akties" te kamoefleer nie. As B.B. en ek dáároor kon saamstem, kan ons letterkundige gesprek begin.

**Coenie Rudolph**

## MOOI DOEKIES OM MOOI BROODJIES

*„...for the man who identifies himself, however guiltily, with the master race, is likely to regard revolution in South Africa as the ultimate horror. The man who makes het opposite identification regards the indefinite continuation of servitude the ultimate horror, and revolution, if materially possible, as the lesser evil. It is the first view, not the second, which is eccentric, if we take majority opinion of mankind as the centre."*
(Connor Cruise O'Brien : *To Katanga And back.*)

Geagte meneer Coenie Rudolph,

My eerste impuls by die lees van u kommentaar oor die gesprek tussen mnr. Weverbergh en my, was om dit te ignoreer aangesien u verwysings in meer as een geval selde meer as skimpe is. Skade sou u gedoe seker nie kon aanrig nie : ek is seker ons Dietse lesers en vriende het 'n groter vertroudheid met die probleme en aangeleenthede van Suid-Afrika as wat u vermoed!

Maar as ek die algemene strekking van u gedagtes mooi begryp het weerspieël dit tog 'n sekere Literêr-kulturele Afrikaanse klimaat, of ten minste propaganda vir die Afrikaans-aanvaarde, ingestelde en uitgevoerde politieke beleid en bedeling — al het u dit ook 'n bietjie rou opgedis; en omdat daardie klimaat of beleid 'n dieper-gaande bespreking regverdig wil ek graag hiermee sommige van u aantygings aan die kaak stel en sodoende my eie opvattings duideliker maak.

Sover dit my betref bestaan daar geen objektiewe „waarheid" nie juis, omdat „objektief" 'n hersenskim is. U sal met my saamstem dat daar wel in S.A. sprake is van 'n gegewe situasie wat met feite beskryf en toegelig kan word, en hierdie situasie of „toestand" is en word geskep deur 'n bepaalde reeks historiese, morele, kulturele en politiese omstandighede. Dit staan albei van ons vry om hierdie situasie te ontleed en/of te interpreteer soos ons dit verstaan en dit lê vir my voor die hand dat ons twee uiteenlopende vertolkings reeds gelei het, lei en gaan lei („lei, helder lig!") tot teenoorgestelde" stand-punte" wat elkeen van ons dan kan gebruik as kriterium, aansporing tot handeling of selfs as slaan-ding, afhangende van ons onderskeie sienings van die denkende of skeppende burger se rol in die gemeenskap. Ons kan dit aan die lesers oorlaat om hiernà self te besluit in watter „perspektie" hulle S.A. wil sien.

My opmerkings wil ek nie in afsonderlike kompartemente indeel nie. Waar die politiek met al sy ideologiese implikasies so 'n groot en dringende rol speel in die lewe van elke Suid-Afrikaner sien ek nie hoe dit van die literatuur gewan kan word nie. Waar dit spesifiek slaan op iets wat u beweer of probeer beweer het verwys ek die leser na u geskrif vir meer duidelikheid (!)

Mens vra jou trouens af waar die skeidslyn tussen politiek en letterkunde getrek moet word as vooraanstaande politieke figure (soos dr. D.J. Vorster en dr. P.J. Meiring en ander altaardienaars van ons AntiKom — die Volkskongres teen Kommunisme) vanaf die land se verhoë die „moderne" en „dekadente" strominge in die hedendaagse literatuur belaster? Dis 'n negatiewe refleksie, goed en wel.

Meer positief : ek glo dat skryf 'n kommunikasie-middel is gerig deur 'n mens aan mense en dikwels onvermydelik ook óór mense. As dit gaan oor probleme wat 'n groot aantal mense in die gesig staar kommunikeer dit noodwendig iets van sosiale belang vir die gemeenskap : 'n houding, opbouende of neerhalende kritiek, 'n intieme of ekstroverte reaksie. Dit is die skrywer se kruis of troos of roeping of verskoning. En in Suid-Afrika is apartheid die oorheersende probleem. Hierdie rasse-ideologie, want dít is dit tog, al word dit ook hoe opgesmuk, is die toetssteen waaraan geen Suid-Afrikaner ooit sal ontkom nie — wat nog te sê van die skrywer.

Ek hou voet by stuk by my opmerking oor die onafskeidbaarheid van politieke, sosiale en kulturele vryhede. Ons weet beide dat baie onderwerpe in die S.A. van vandag eenvoudig taboe is. Hoeveel individuele werke is nie reeds daar in die ban gedoen nie? (Wil u nie dalk 'n volledige lys van hierdie werke aan ons oorsese leserspubliek voorlê nie? Dan kan hulle mos self oordeel?) Hoeveel inheemse skrywers is nie reeds heeltemal of gedeeltelik die swye opgelê nie? — sonder dat hulle ooit kon appelleer. Wat bv. van Athol Fugard wie se paspoort onlangs afgeneem is? Is die straf wat hom opgelê is, want dit is so bedoel, vir 'n politieke of 'n literêre misdaad? Waar was die betoging van solidariteit van sy mede-skrywers toe? En ek praat nie eers van ons talle swart of bruin skrywers wat hulle in eenderse of erger posisies bevind nie. Op die ou end gaan dit natuurlik die Afrikaanse skrywers wees wat die meeste gaan ly onder hierdie juk van „suiwering."

Totalitarisme is 'n selfbevuilende en selfvernietigende verskynsel.

Afgesien van die kan of mag sê is daar, op enkele uitsonderings na, ook die oorgrote aantal van ons Afrikaanse skrywers wat sekere onderwerpe nie wil aanroer nie en sekere konsepte nie wil betwyfel nie. Hulle is óf te bang (en dis verstaanbaar) óf hulle sit en bak mooi broodjies in hulle aparte binnekamers. Onder mooi broodjies groepeer ek die gewaande „welsyn en kulturele voortbestaan en identiteit van die volk" — 'n vryheid en voortbestaan en identiteit wat hulle hul toe-eien klaarblyklik ten koste van algemeen aanvaarde regte en vryhede, soos die vryheid van spraak, gelykheid voor die regbank, die stemreg en someer ad nauseaum, van die ander bevolkingsgroepe, selfs die ander bruiner Afrikaners. Dit, mnr. Rudolph, is myns insiens eerstens oneerlik en tweedens onnosel omdat dit afstuur op die selfmoord van die Afrikaanse stam. U sal daarop let dat ek die witter Afrikaans-gekondisioneerde „klimaat" probeer toets aan sy eie pretensies — dit is, dat S.A. 'n Westers-georiënteerde Christelik-Demokratiese staat is.

Dit spreek vanself dat groot werke nog onder sulke omstandighede geskryf kan word, maar dan noodwendig vir jou eie laai. As ek verwys na „literaire vrijheid (wat moet) doordringen," dan bedoel ek skryf én publiseer én lees én bespreek en daarvolgens aanvaar of verwerp of geïgnoreer. Oók, as ons kyk na ander soortgelyk haglike omstandighede waaronder groot werke geskryf is soos sêmaar in Rusland deur Pasternak, Blok en nou weer Solsjenitsin en Vosnesjenskie, dan vereis dit gewoonlik 'n tradisie van literêre verset en eerlikheid soos dit by hulle reeds vanaf vóór Dostojefskie bestaan. Waar op aarde is ons tradisie? Hier kan ons Dietse vriende dalk help?

Wat prof. Nienaber betref : as ek hom ten onregte van konserwatisme aangekla het, vra ek hom om verskoning. „Konserwatisme" word tog nie altyd afkeurend bedoel nie. My opmerking was bowendien in antwoord op 'n vraag van mnr. Weverbergh, en is as sodanig slegs een moontlike antwoord. U praat van 'n Akademie-bekroning... Aan wie is vanjaar se Hertzog-prys vir prosa toegeken? Of het verantwoordelike mense soos prof. Nienaber reeds hulle monde verbrand (is die broodjies suur?) met die destydse bekroning van „Sewe dae...?"

Ek wil die Afrikaanse prosaïste nie geringskap nie en moet dan seker my jammerklag van „geen prozaïst van gehalte" meer nuanseer. Ek hou baie van „Sewe dae...," idem van Brink se „Die Ambassadeur" en Rabie se „Mens-alleen." Henriette Grové en Barnard is vir my smaak uitstekende kortverhaalskrywers en De Vries nog beter. Ek wou dalk net sê dat daar te gou te veel gejuig word oor die sg. vernuwing in die Afrikaanse prosa, dat 'n vernuwing net kan kom waar 'n omvattende ouer oeuvre reeds bestaan en dat dit onregverdig is om hierdie vernuwende werke so swaar op te saal. „Vernuwing" in my verwysingsveld — en dan teen die agtergrond van die hele Dietse letterkunde — geld vir boeke soos Rabie se „21" en Smit se verhoogdrama „Putsonderwater" (wat weer so nuut is dat dit nie in Suid-Afrika opgevoer kan word nie?). Dit geld natuurlik ook vir ons digters van Wyk Louw en Blum alhoewel die digkuns as't ware uit die aard van die „ding" nooit vernuwend kan wees nie. En ek beskou geensins die nuwe Europese romanvorme as maatstaf nie. Waar dit so oninheems nageboots word kan dit alleen 'n ongelukkige tendens wees.

Twee van u frases tref my veral. U verwys na „groei, vooruitgang, vrede en welwillendheid tussen rasse, eenheid teenoor aanvalle van buite." (En van binne?) En ietwat later beweer u dat u „vereenselwig met die lotgevalle van ons almal hier." Die eerste bewering word weerspreek deur die bestaande drakoniese veiligheidswette wat van S.A. 'n polisiestaat gemaak het, in enige perspektief. U tweede bewering is belaglik en voorbarig. Is u huid donker? Dra u dalk 'n pas? Hoeveel Afrikane ken u op 'n ander voet as dié van baas-kneg? Is u bereid om onder dieselfde omstandighede en met dieselfde nadele te leef as die nie- bleker Anglo-Afrikaners?

Tragies hoe tipies bostaande is van die paternalistiese houding van die blekeres van gelaat met die sig aangematigde reg om wette te maak vir man en muis in die land, om iedereen se toekoms vir hom te besluit en te beplan en dit alles sonder raadpleging of gesag van die absolute meerderheid van daardie land se bewoners. Om dan boonop te gaan besluit dat daardie meerderheid tevrede is met hulle lot is verbysterend. In ander tale staan hierdie toestand bekend as kolonialisme.

Ek kan wat in S.A. gebeur — die regimentasie van alle onsuiweres van kleur deur apartheidswette soos hulle gekonsepteer en toegepas word deur die witman in die naam van die witman tot die glorie en voordeel van die witman (en nou ook al hoe meer in die naam van die Afrikaanse kultuur), d.w.s. waar die doen en late van die anderskleurige aan hom voorgeskryf word : waar hy mag woon en met wie, watter werk hy mag doen, watter hoop hy mag koester, watter skool sy kinders mag bywoon en wat hulle daar geleer of afgeleer gaan word, kortom iedere asemteug en droom sonder dat hulle die witman ooit 'n mandaat daartoe gegee het, en dit alles weens hulle hoedanigheid as Afrikane, Bruines of Asiate (wat dus niks te make het met beskawingsnorme nie); dat 'n land waar honderde politieke gevangenes in die tronke of op Robbeneiland sit, waar honderde ander (en hier geld dit ook vir blanke afwykelinge, soos so baie van die beste akademici aan ons engelstalige universiteite) verban word, ingeperk word, onder huisarres leef; waar polisieklopjagte 'n alledaagse verskynsel is (of allenagse?), waar so baie dwangmaatreëls bestaan waarteen geen beswaar gemaak kan word

nie en wat oënskynlik goedsmoeds deur denkende Afrikaners aanvaar word, waar geweld goedgepraat word, waar dit verwag word van 'n getroue landsburger om op sy vermoedelik afwykende medeburger te spioeneer — dit alles ken ek net as totalitarisme, onderdrukking, uitbuiting en goedkoop fascisme. Of, siende dat u my dan as vereuropees beskou : onchristelik, immoreel, ondemokraties en barbaars.

Niks wat u ooit kan noem, geen hoër of laer volksideaal of geloof, volkseie dit of dat, sal hierdie kriminele toestande — want krimineel teen alles wat die mens as denkende dier ooit vermag het — kan regverdig nie. Al is die bedoeling ook hoe goed.

Laat ons eerlik probeer wees, al is dit nou dan net 'n halwe antwoord : dit gaan hier om die eksklusiewe mag van 'n klein herkenbare minderheid en die bewaring van wat hulle materieel opgebou, uitgesuig of afgeneem het — en die morele en humanitêre en humanistiese en geestelike het so oorboord gegaan.

En omdat S.A. 'n veelrassige staat *is* wat al sy burgers toekom gaan die meerderheid al hoe meer hulle waardigheid en verantwoordelikheid as mense opeis. En omdat die bewind, geestelik en intellektueel verstar, enige moontlikheid van vreedsame aanpassing en evolusie vernietig het — die ontburgerde meerderheid het nie eers die moontlikhede van staking of politieke optogte nie en hulle verteenwoordigende politieke organisasies is onwettig verklaar — bly daar net die moontlikheid van 'n rewolusie oor.

Die uitsluitlike verantwoordelikheid vir hierdie onontkombare rewolusie kom die Afrikaners en hulle instellings, hulle kerke en vakbonde en kulturele organisasies en regering, toe. Die enigste bewondering wat hulle afdwing is dat hulle hierdie lot wat hulle teweeg bring en blykbaar nie kan of wil ontkom nie, trots en eensaam tegemoet gaan. Die laaste bitter trek.

'n Rewolusie is altyd die erkenning van die mislukking van die voorafgaande morele, intellektuele, en soms ook ekonomiese, leefwyse. Omdat ons almal in 'n meerdere of mindere mate dieselfde eienskappe in ons omdra is die morele en intellektuele armoede van hulle wat 'n land se mense tot rewolusie dryf - en in hierdie geval is die Afrikaners die armoediges — 'n skande en 'n vernedering vir ons almal. Niemand by sy volle verstand en verantwoordelikheid *begeer* ooit 'n omstandigheid waar dikwels onskuldige mense om die lewe gebring gaan word nie. Maar was die Duitse burgers wat die rook uit die konsentrasiekampe nie wou sien of begryp nie onskuldig? Terloops, u verwysing na my ouers in hierdie verband is nie net onsmaaklik en 'n primitiewe valstrik nie, maar uiters vermetel.

Die getwis oor rewolusie aldan nie is eintlik onbenullig. Daardie bewuste keuse is reeds deur die minderheid afgedwing op die meerderheid en hulle verteenwoordigers. Europa het sy kanse tot bemiddelling verspeel. Die Afrikane, tesame met die Bruines en die Asiate en al die ander Suid-Afrikaners wat uit hulle dop wil kruip en bou aan die toekoms van die land, sal die oplossing vir hierdie probleem bring, soos hulle dit sien en soos (en dalk selfs wanneer) dit hulle pas. Die keuse is reeds gestel en gemaak : dis nou net 'n kwessie van tyd. Die vooruitgang van die mens, al is dit ook hoe min hoe stadig, is onverbiddellik.

Die Afrikaner — soos iemand wat op die ouderdom van tien jaar besluit het om op te hou groei — het gerieflikheidshalwe probeer vergeet van sy Maleise, Afrikaan en Hottentot voorsate (en sal miskien selfs onteien word deur sy Europese verwante); het probeer vergeet dat sy identiteit juis in die basterskap van sy bloed en taal en gewoontes lê; het probeer vergeet dat hy een van die eerste inheemse bevolkingsgroepe op die Afrikaanse kontinent is wat hom verset het teen 'n buitenlandse besetter; en sal hom al hoe meer in 'n posisie bevind waar enige denke en skepping (want twyfel) as verraderlik beskou moet word, en die kleinerwordende suiwer kern sal al hoe meer gedryf word tot die toepassing van kulturele, ekonomiese en politieke apartheid en afsondering op homself.

Wat is dan die moontlikheid vir voortbestaan? Kulturele voortbestaan kon nog nooit verseker word deur onderdrukkende en beskermende wetgewing nie. Alleen dit wat waarde het sal voortleef, en voortleef onder enige omstandighede omdat dit waarde het.

As die Afrikaanse kultuur eendag onderdruk word gaan dit gebeur omdat die draers van daardie kultuur hulle vandag vereenselwig met baasskap, rassediskriminasie en alles wat die huidige bewind vandag wetend of onwetend verpersoonlik. Daarom mag ek nie toelaat dat die gesag aan bewind ooit namens my praat of optree nie. *Dit* is die persoonlike verantwoordelikheid van elke Afrikaanse skrywer.

As ek dan glo in die noodsaaklikheid van verandering is dit net omdat ek die beste uit my erfenis as Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner neem, en dat ek daardie beste waardes en vrugte wat reeds aanwesig is nie net behoue wil sien nie, maar ook as belangrike elemente in 'n ryker, breër en waardiger Suid-Afrikaanse kultuur. Ek is seker dat u hier met my saam sal stem.

Wat u ander besware en voorstelle betref : (i) U is seker bewus van die feit dat ek reeds byna agt jaar die land uit is. Ook dat ek sedert vyf-en-'n-half jaar getroud is (wettig sover dit die beskaafde wêrled aangaan, onwettig in S.A.) met 'n vrou aan wie u regering meer as twee jaar



gelede 'n besoekersvisum geweier het, sonder enige verduideliking. Wat stel u voor, mnr. Rudolph? Dat ek verkies om in 'n land te gaan woon waar my vrou nie toegelaat word nie, of dat ek skei?

(ii) Frankryk se militêre en politieke ondersteuning van die Suid-Afrikaanse regering onder die dekmantel van „geen buitelandse inmenging" is bekend. Suid-Afrika betaal duur genoeg daarvoor. Myns insiens beteken dit juis laakbare inmenging.

(iii) Die prys en drukte : daar slaan u ongelukkig die bal mis. Die amptelike oorhandiging van die prys — 'n leë en simboliese koevert — was ruim 'n maand na die toekenning. A.P.B. het my gevra of ek dadelik nadat ek vertroulik van die toekenning gehoor het die geld oorgeplaas wou hê. Ek het ja gesê en die geld was reeds gebank en gespandeer vóór die bohaai wat op die aankondiging gevolg het. Ek had, en het nou nog, die grootste respek vir die betrokke uitgewers en letterkundige beoordelaars en ek vermoed dat hulle die bohaai net so betreur het soos ek. Dis 'n belangrike bepaling wat in die oorspronkelike gesprek met mnr. Weverbergh nie aangeroer is nie en ek hoop alleen dat hulle my die ongerief wat ek daardeur veroorsaak het, kan verskoon. En as daar dan daarna geen „hoër druk" was nie, kan u my vertel waarom die prys, nadat dit agtereenvolgens aan Ingrid Jonker en my toegeken was, toe afgeskaf is? En het 'n kabinetslid, terselfdertyd ook 'n direkteur van die maatskappy, nie in die openbaar in 'n toespraak die digbundel en die feit dat so 'n werk bekroon is, gekritiseer nie? Ek verwys na 'n uitlating deur koerante toegeskryf aan min. Jan de Klerk.

(iv) Laastens roep u verwysing na „vuil wasgoed" twee aanvullende idiome by my op. Dus : waar so 'n diepgaande besmetting soos dié waaraan witter Afrikaanse S.A. vandag ly, moreel en polities, op die lappe kom, help dit nie om mooi doekies om te draai nie en is die was van vuil wasgoed in die openbaar die minste wat mens kan verlang. As mens vuil wasgoed nie was nie, stink dit naderhand. Ongelukkig word melaatsheid nie so genees nie.

Mag ek u versoek om die kolomme van u publikasie ook oop te stel vir die „polemiek" en die menings van ander Afrikaanse en nie-Afrikaanse skrywers?

Dankie by voorbaat,

**Breyten Breytenbach.**

De bijdrage van Breyten Breytenbach bereikte ons te laat, zodat we niet meer in de gelegenheid waren Coenie Rudolph nog in dit nummer van zijn recht op antwoord te laten gebruik maken. Ons nummer staat echter open om zowel Coenie Rudolph als Breyten Breytenbach, en eventueel ook anderen, hun standpunt verder te laten uiteenzetten.

red.

In verband met bovenstaande bijdragen vragen we ook de bijzondere aandacht van onze lezers voor het Yang-Kahier „*Suid-Afrika*" (een lijvig nummer van meer dan 140 blz!, waarmee in januari 1968 de tweede jaargang van de Yang-Kahiers aanvangt).

red,

## CITATEN en AFORISMEN

Het drama van de mens : gemeenschapswezen zijn en individu willen blijven.

Revolutionair zijn, is de wereld besmetten met 't geluk van een schonere werkelijkheid.

Vele godsdiensten en ideologieën hebben te veel heiligen en martelaren en te *weinig mensen*.

Men voelt geen behoefte aan vrijheid, wanneer men zich niet bewust is van de onderdrukking.

De som van een *vrije* literatuur is de beste maatstaf om tijd en maatschappij te begrijpen.

**Georges Van Acker**

TONE BRULIN : *De neger op de sofa* (Nijgh en Van Ditmar)

Wordt de Vlaming Tone Brulin in Nederland meer gewaardeerd dan bij ons? Het ziet er wel naar uit wanneer men weet dat hij door de Nederlandse televisie werd uitgenodigd om een reeks toneelstukken te regisseren, dat hem hiervoor een huis te Utrecht voor de tijd van zijn verblijf werd bezorgd, dat op dit ogenblik zijn toneelstuk „*Ogen van krijt*" in het Vestzaktheater te Amsterdam wordt gespeeld en wanneer men bovendien merkt dat zijn eerste boek, dat wonderlijk geen toneelboek is, maar een verhalenbundel, ook bij een Nederlandse uitgever verschijnt. Jarenlang heeft Brulin getracht in Vlaanderen een uitgever voor zijn toneel te vinden. Nu is ook deze kans verkeken.

Tone Brulin staat algemeen bekend als toneelschrijver en regisseur. Maar tussen 1949 en 1964 heeft hij tussendoor ook enkele verhalen geschreven, die nu werden gebundeld onder de titel „*De neger op de sofa*".



Vakgroep NEDERLANDSE
Literatuur